Gauteng Onderwysdepartement
# Laerskool Elspark
Administratief: admin@elsies.co.za Posbus 12009 1418
Webwerf: laerskoolelspark.co.za Tel: (011) 893-2024/5

14 Februarie 2024

Geagte Ouer/Voog

## BUITENGEWONE OMSENDBRIEF

### KENNISGEWING VAN NOMINASIEVERGADERING EN STEMMING VAN DIE OUERLEDE VIR DIE BEHEERLIGGAAM VAN LAERSKOOL ELSPARK

A. ***NOMINASES VIR DIE BEHEERLIGGAAM 2024***

Kennis word hiermee gegee dat die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 6 ouerlede vir die Beheerliggaam vir die genoemde skool op Maandag, 26 Februarie 2024 sal open en op Donderdag, 29 Februarie sal sluit om 14:00.

'n Kandidaat kan as volg genomineer word:

deur 'n nominasievorm wat behoorlik ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die verkiesingsbeampte (kantoor van Laerskool Elspark) in te dien. Die kandidaat moet ook die meegaande dokumente volledig voltooi.

Nominasievorms is ***by Laerskool Elspark*** se administratiewe kantoor beskikbaar.

As meer as ses kandidate voorgestel word, sal 'n stemming gehou word op ***Maandag, 4 Maart 2024 te Laerskool Elspark vanaf 07:00 tot 17:00.***

B. **VOLDAGVERKIESING: STEMMING 4 MAART 2024**

Kennis word hiermee gegee dat die verkiesing van lede vir die Beheerliggaam vir die genoemde skool sal plaasvind op ***Maandag, 4 Maart 2024***.

Bogenoemde verkiesings vind plaas om ***6 ouers*** vir die Beheerliggaam van Laerskool Elspark vir die nuwe termyn van 3 jaar aan te wys.

Elke ouer of wettige voog van 'n leerder in ons skool het stemreg.

Om 'n kworum vir die verkiesing te verseker moet ten minste 262 van ons ouers kom stem. U ondersteuning word gevra om asseblief op 4 Maart 2024 te kom stem in belang van u kind.

***STEMMING – MAANDAG, 4 MAART 2024***

***Stemming*** neem 'n aanvang op 4 Maart 2024 vanaf 07:00 tot 17:00.

Stemming vind by die voorportaal van die saal plaas. Alle ouers of wettige voogde van ingeskrewe leerders by Laerksool Elspark (Gr R tot Gr 7 en LSEN) kan stem. (NB. U moet u ID dokument by stemming toon).

- Toon u ID dokument by die stemlokaal
- U naam word afgemerk op die kieserslys
- Ontvang 'n stembrief en maak u keuses
- Plaas u stembrief in die houer vir stembriewe

***Stemtelling*** neem 'n aanvang direk na afloop van stemming (Indien 'n kworum bereik is). Bekendmaking van die uitslag sal direk na afloop van stemtelling plaasvind.

Die nominasies en verkiesing sal hanteer word deur verkiesingsbeamptes wat aangestel word deur die Onderwysdistrikkantoor nl. Hoërskool Elspark.

Indien daar nie 'n kworum tydens die stemming op Maandag, 4 Maart behaal is nie, sal daar weer op 18 Maart 2024 'n verkiesing gehou word.

Indien daar enige navrae oor die verkiesing is, kan u die skoolkantoor kontak by (011) 893-2024.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u teenwoordigheid.

R. Pretorius
Skoolhoof (Waarnemend)